NUUSBRIEF

KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

DATUM VAN UITGAWE: JUNIE 2021 (bl.2)

2019/2020 OUDIT OPINIE

As gevolg van Covid-19 is die Munisipaliteit ge-oudit vanaf Oktober 2020 tot Maart 2021 en is die Ouditeur Generaal se opinie eers op 23 April 2021 ontvang vir die 2019/2020 finansiële boekjaar. Dit is met groot waardering vir die amptenary se harde werk gedurende daardie jaar, die huidige jaar en gedurende die oudit tydperk dat ons die verbetering in die oudit opinie kan aankondig. Baie geluk aan al die amptenare wat bygedra het tot die ONGEKWALIFISEERDE OUDIT OPINIE van Karoo Hoogland vir die 2019/2020 boekjaar.

INSPECTION OF THE SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS

Die kennisgewing dat die "Supplementary valuation Roll" ter insae lê by die munisipale kantore vir inspeksie asook vir enige besware is reeds gedurende Junie 2021 in die Noordwester gepubliseer. Die vorms vir besware is beskikbaar by die adres: Munisipale Kantore, 7 Mulder Straat, Williston asook by die ander twee dorpe se kantore. Die voltooide voorgeskrewe vorms moet by bogenoemde adres ingehandig word teen 19 Julie 2021.

For any enquiries please contact Anmar Louw (053) 391 3003 or HCB Property Valuations at (022) 433 2035.

WATER is steeds 'n krisis in al drie dorpe.
Inwoners word ernstig versoek om water spaarsamig te gebruik.

Versoek asseblief u mede-inwoners om nie water te mors nie.

TUINVULLIS EN SWARTSAKKE

- **TUINVULLIS VERWYDERING**: Vulliskampies is uitfaseer en afgebreek. Plaas asseblief u tuinvullis soos met die huishoudelike vullis, in swartsakke en sit dit uit vir verwydering soos per die skedule. Kontak asb die Bystand nommers wanneer dooie diere verwyder moet word om onhigiëniese toestande te voorkom.
- **SWARTSAKKE** moet korrek gebruik word en uitgesit word sodat die vullis nie in die strate rondwaai nie. Besigheidseienaars asook huiswinkels en buitelanders moet nie hul vullis net in die dromme stort nie. Indien hul hul voortaan hieraan gaan skuldig maak sal daar opgetree word teen hul.

BEGROTING EN GOP 2021/2022

Die Begroting asook die GOP vir 2021/2022 is beskikbaar op die munisipale webblad:
www.karoohoogland.gov.za
By die volgende skakel:
ANNUALLY UPDATED DOCUMENTS

AANMELD VAN KLAGTES

Die publiek word versoek om enige klagtes **skriftelik** aan te meld. Bewerings of aantuigings teen personeel moet gestaaf word deur verklarings en/of bewyse. Daarsonder kan nie opgetree word nie. Die **Klagteboek** is by elke Kassiere beskikbaar of u kan direk u klagte aan die Munisipale Bestuurder rig indien dit ernstiger is.

HONDE

Die verordening rakende die **Aanhou van Honde** is reeds effektief en kan klagtes in die verband by die SAPD aangegee word. Om hiermee te help word u versoek om na u naaste munisipale kantoor te gaan en die honde klagte aan te meld en die personeel te versoek om hul te vergewis van die situasie om sodoende 'n verklaring by die SAPD daaroor af te lê. 'n Petisie van inwoners wat probleme het met 'n spesifieke hond kan aangeheg word tot die verklaring.

Indien u met u hond(e) gaan stap in die dorpe MOET hul **leibande** aanhê. Honde mag nie los rondloop nie.

VERKIESING : 27 OKTOBER 2021

Neem kennis van die datum van die verkiesing. U word versoek om geen politieke – of ander plakkate op te rig sonder toestemming en riglyne van die Munisipale Bestuurder nie in terme van toelaatbare plekke waar plakkate aangebring mag word nie.